Die Burger, EiendomSake, Vrydag 18 September 2015

R150 miljoen-sentrum open gou

KAAPSTAD. – Bouwerk aan die Panorama Healthcare Centre, reg langs die Mediclinic Panorama in die noordelike voorstede van Kaapstad, nader voltooiing. Die sentrum open sy deure op 29 Oktober.

Dié ontwikkeling, wat teen R150 miljoen opgerig word, behels 'n drieverdiepinggebou met 6 700 m² se ruimte.

Die sentrum, op die hoek van Rothschild-boulevard en Hennie Winterbach-straat, gaan saam met verskeie mediese praktyke in die onmiddellike omgewing vir Panorama 'n hupstoot gee as die voorste mediese nodus in die noordelike voorstede.

Die ontwikkeling sluit in 'n daghospitaal, 'n kliniek vir natuurlike geboortes, 'n dialiseeenheid, 'n primêregesondheidsorgsentrum, spreekkamers en kleinhandelruimte.

Die daghospitaal met drie teaters en 27 beddens sal deur die AltX-genoteerde groep Advanced Health bedryf word.

Die Panorama Healthcare Centre in Kaapstad se noordelike voorstede gaan sy deure in Oktober amptelik open.

Die kliniek vir natuurlike geboortes, die eerste in die Wes-Kaap, gaan ook die eerste boetiek-geboortehotel in die land wees.

Die kleinhandelruimte gaan deur Absa, 'n koffiewinkel, 'n bakkery en 'n Durbell-apteek van 420 m² opgeneem word.

Verder gaan Fresnius Medical Care sy intrek neem, asook Intercare, 'n primêregesondheidsorgsentrum wat 'n 24-uurnooddiens sal lewer en verskeie mediese ondersteuningspraktyke soos fisioterapeute, radioloë en patoloë.

Die gebou word deur NMC opgerig namens die ontwikkelaars, die Annenberg Property Group en Anglo African Estates.

Dit word deur Nedbank gefinansier.

Dudley Annenberg van die Annenberg Property Group sê dit is die groep se derde mediese ontwikkeling.